## 14 Februarie Matteus 22:11-14 (22:12)

### *"Vriend!"*

Wat 'n sonderlinge aanspreekvorm teenoor iemand wat totaal onverskillig en uitdagend die koning by die bruilof trotseer deur nie die bruilofsklere wat uitgedeel word te dra nie. Die koning kom in om na die gaste te kyk en sien 'n man wat nie bruilofsklere aan het nie en hy sê vir hom: "Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan?"

Geen mens kan voor die hemelse Koning verskyn met sy eie sondige klere aan nie. Hy mag miskien dink dat hy mooi en ryk is en aan niks gebrek het nie, maar ons allerbeste werke is voor God soos 'n verwerplike kleed, wat nie ons geestelike naaktheid voor God kan bedek nie. Die "vriend" is gebind en uitgegooi in die diepste duisternis daarbuite.

"Vriend" beteken hier iets soos "vent" of "kêrel" - op Engels "fellow" - geen vleiende woord nie. Dis dieselfde woord as in Matt 26:50 as Jesus vir Judas Iskariot sê: "Vriend, doen wat jy gekom het om te doen". In Grieks: "*Hetaire*". Die man kon niks antwoord nie. Die gewone verskonings verstom soos: Die familie het kom kuier of ek het verslaap of my man moes werk en ek wil nie alleen kerk toe kom nie of ek was moeg, ens. Sulke "vriende" maak nie Jesus se kruisverdienste hul eie nie en omhels nie die Saligmaker deur die geloof nie.

Hoe baie gaste sal straks moet hoor: "Vriend, Ek ken jou nie". Dit is nou nog genadetyd, maar die Koning en Bruidegom kom gou. Wees gereed!

Sing: Psalm 73:12 Ds. J. Venter (Brakpan)